




Nasionale Inperkingstyd

Afrikaans Beplanning Graad 4

Laerskool Mikro

Week 1: 20 April 2020 – 24 April 2020

DAG	HULPBRONNE	AKTIWITEIT
Maandag 20 April 2020	- Handboek - Werkvel oor idiome 	Kyk na p.51 se <u>voorblad</u> van die nuwe tema, Sambrele. Lees die <u>vrae</u> onderaan en dink na oor die antwoorde. Lees nou die <u>weervoorspelling</u> op p.193 deeglik deur. Lees <u>vrae</u> 1-5 op p.52 deur en beantwoord die vrae mondelings. Gaan nou deur die idiome op p.52 en vra vir iemand as jy nie verstaan wat dit beteken nie. Plak die <u>idiome-blad</u> in jou lyntjiesboek. Skryf eers bo-aan Idiome: Tema 6 20 April 2020 P.52 Plak nou die idiome.
Dinsdag 21 April 2020	Handboek	Kyk na die <u>Kenmerke van 'n kaart</u> op p.53. Blaai na p.54 en bestudeer die <u>weerkaart</u>. Doen die Post-lees vrae op p.54 mondelings.
Woensdag 22 April 2020	- Handboek - Spelling en sigwoorde Groep 7 in Algemene Lêer - Powerpoint - Lyntjiesboek 	Skryf speldoets groep 7 in jou Algemene Boek. Kyk na die <u>Powerpoint</u> oor Enkelvoudige en Saamgestelde sinne. Plak die blad oor Enkelvoudige en Saamgestelde sinne in jou lyntjiesboek. Doen nou nr. 1 (a-b) en nr. 2(a-b) op p.56 <u>skriftelik</u> in jou lyntjiesboek. Taal in konteks 22 April 2020 P.56 nr. 1(a-b) en 2(a-b)
Donderdag 23 April 2020	- Handboek - Powerpoint - Lyntjiesboek 	Lees <u>Taalfokus 2</u> op p.57 met aandag deur. Kyk na die <u>Powerpoint</u> oor homonieme en homofone. Voltooi nou die <u>werkvel</u> oor homonieme en homofone wat ek vir julle gestuur het en plak dit in julle lyntjiesboeke.
Vrydag 24 April 2020	- Handboek - Powerpoint - Lyntjiesboek	Lees <u>Taalfokus 3</u> op p.57 met aandag deur. Doen nou Vraagsinne nr. 3 (a-c) onderaan p.57 skriftelik in jou lyntjiesboek. Vraagsinne 24 April 2020 P. 57 nr.3(a-c)

[illegible]

~~U kan die volgende adverter:~~

- Jou e/e produk (by Colgate tandepasta)
- Enge dats (by ABSA bank)
- Enge geleentheid (by sport of musiekgeleentheid)

Jou mondeling vir die kwartaal is 'n Advertensie. Kyk na die bladsy wat ek aangestuur het en begin solank voorberei daaraan. Kyk hoe kreatief jy kan wees!